Oor volhardende gebed: "Ek kyk na 'n klipsnyer wat 'n honderd keer aan 'n klip hamer sonder dat die klip so veel as een kraak wys. Tog, na die 101ste hou verdeel dit in twee. Ek weet dit was nie die een hou wat dit gedoen het nie, maar alles wat dit vooraf gegaan het."

On persevering prayer: "I look at a stone cutter hammering away at a rock a hundred times without so much as a crack showing in it. Yet at the 101st blow it splits in two. I know it was not the one blow that did it, but all that had gone before."

"Gebed is die wortel, die fontein, die moeder van 'n duisend seëninge." ~ Chrysostomos

"Prayer is the root, the fountain, the mother of a thousand blessings." ~ Chrysostom

"Ons gebed moet nie self-gesentreerd wees nie. Dit moenie net ontstaan omdat ons, ons eie behoefte voel as 'n las wat ons voor God moet lê nie, maar ook omdat ons so verbind is in liefde vir ons medemens dat ons hul behoefte net so intens soos ons eie voel. Om intersessie te doen vir mense is die kragtigste en praktieste manier waarop ons ons liefde vir hulle kan uitspreek." ~ John Calvin

"Our prayer must not be self-centered. It must arise not only because we feel our own need as a burden we must lay upon God, but also because we are so bound up in love for our fellow men that we feel their need as acutely as our own. To make intercession for men is the most powerful and practical way in which we can express our love for them." ~ John Calvin

"Ons moet bid met ons oë op God gerig, nie op ons probleme nie." ~ Oswald Chambers

"We have to pray with our eyes on God, not on the difficulties." ~ Oswald Chambers

"Die stryd van gebed is teen twee dinge: dwalende gedagtes en 'n gebrek aan intimiteit met God se karakter, soos geopenbaar in Sy Woord. Nie een daarvan kan gelyktydig genees word nie, maar hulle kan genees word deur dissipline." ~ Oswald Chambers

"The battle of prayer is against two things in the earthlies: wandering thoughts, and lack of intimacy with God's character as revealed in His word. Neither can be cured at once, but they can be cured by discipline." ~ Oswald Chambers

"Gebed is my hoof werk, en dit is as gevolg daarvan dat ek voortgaan om die res te doen." ~ Thomas Hooker, Puritein

"Prayer is my chief work, and it is by means of it that I carry on the rest." ~ Thomas Hooker, Puritan

"Die ware kerk beweeg en lewe, en het sy wese in gebed." ~ Leonard Ravenhill

"The true church lives and moves and has its being in prayer." ~ Leonard Ravenhill

"Die geheim van alle mislukking is ons versuim om in die geheim te bid." ~ The Kneeling Christian

"The secret of all failure is our failure in secret prayer." ~ The Kneeling Christian

"Ons bid glad nie totdat al ons raad op is." ~ Oswald Chambers

"We do not pray at all until we are at our wits' end." ~ Oswald Chambers

"Dus, of die begeerte om te bid daar is of nie, kom in jou binnekamer op die vasgestelde tyd; fokus op God en wag op Hom; soek sy aangesig; ontmoet Hom. Bid." ~ RF Horton

“Therefore, whether the desire for prayer is on you or not, get to your closet at the set time; shut yourself in with God; wait upon Him; seek His face; realize Him; pray.” ~ R. F. Horton

"Tyd alleen spandeer met God is nie vermors nie - dit verander ons en ons omgewing. Elke Christen wat die lewe lei wat tel, en dié wat die krag vir diens wil hê, moet tyd maak om te bid." ~ ME Andross

“Time spent alone with God is not wasted. It changes us; it changes our surroundings; and every Christian who would live the life that counts, and who would have power for service must take time to pray.” ~ M.E. Andross

Maak tyd om te bid. "Die groot vrag- en passasierstreine is nooit te besig om te stop vir brandstof nie. Maak nie saak hoe oorlaai die werwe is nie, maak nie saak hoe druk die skedules is nie, maak nie saak hoe baie dinge vra die aandag van die treinpersoneel nie, die treine stop altyd vir brandstof." ~ ME Andross

Make time to pray. “The great freight and passenger trains are never too busy to stop for fuel. No matter how congested the yards may be, no matter how crowded the schedules are, no matter how many things demand the attention of the trainmen, those trains always stop for fuel.” ~ M.E. Andross

"Daar is geen ander aktiwiteit in die lewe so belangrik soos gebed nie. Elke ander aktiwiteit se doeltreffendheid is afhanklik van gebed." ~ ME Andross

“There is no other activity in life so important as that of prayer. Every other activity depends upon prayer for its best efficiency.” ~ M.E. Andross

"... die man op sy knieë het 'n hefboom onder die berg wat dit in die see kan gooi indien nodig, en wat die hele aarde en die hemel kan dwing om die krag wat in ‘Sy naam’ is, te erken." ~ ME Andross

“…the man on his knees has a leverage underneath the mountain which can cast it into the sea, if necessary, and can force all earth and heaven to recognize the power there is in 'His name.'“ ~ M.E. Andross

Wanneer gebed sekondêr of per geleentheid word, verloor dit sy krag. Diegene wat opvallend manne van gebed is, is diegene wat gebed gebruik soos hulle voedsel, of lug, of lig, of geld gebruik." ~ ME Andross

When prayer has become secondary, or incidental, it has lost its power. Those who are conspicuously men of prayer are those who use prayer as they use food, or air, or light, or money.” ~ M.E. Andross

"As die Christen nie toelaat dat gebed die sonde uit sy lewe dryf nie, sal die sonde gebed uit sy lewe dryf. Dit is soos lig en duisternis: die twee kan nie saam woon nie." ~ ME Andross

"If the Christian does not allow prayer to drive sin out of his life, sin will drive prayer out of his life. Like light and darkness, the two cannot dwell together.” ~ M.E. Andross

"Gebed is 'n geestelike wet wat met die gedagtes van God saamwerk. Dit het meer in as bloot versoeke. Dit beklee homself in werklikheid en krag met die mag van God self. Dit is 'n gesindheid van gees en verstand. Taal is sekondêr in ware gebed." ~ Gossner

"Prayer is a spiritual law which cooperates with the mind of God. It has more in it than merely petition. It clothes itself in reality and power, with the force of God Himself. It is an attitude of spirit and mind. Language is secondary in true prayer.” ~ Gossner

"Gebed rus ons nie toe vir die groter werk nie; gebed ís die groter werk." ~ Oswald Chambers

"Prayer does not fit us for the greater work; prayer is the greater work.” ~ Oswald Chambers

"Dit is nie genoeg om te begin bid nie, ook nie om reg te bid nie en ook nie genoeg om slegs vir ‘n sekere tyd aan te hou bid nie. Ons moet geduldig en gelowig voortgaan in gebed totdat ons 'n antwoord kry." ~ George Müller

"It is not enough to begin to pray, nor to pray aright; nor is it enough to continue for a time to pray; but we must patiently, believingly, continue in prayer until we obtain an answer.” ~ George Müller

“Die probleem met byna almal wat bid, is dat hulle 'Amen' sê en weghardloop voor God 'n kans het om te antwoord. Om na God te luister is baie belangriker as om ons idees met Hom te deel." ~ Frank Laubach.

“The trouble with nearly everybody who prays is that he says ‘Amen’ and runs away before God has a chance to reply. Listening to God is far more important than giving Him our ideas.” ~ Frank Laubach

"Ja, die hele rede vir die mens se bestaan is om die liefdevolle God te aanbid." ~ AW Tozer

“Yes, worship of the loving God is man’s whole reason for existence.” ~ A.W. Tozer

"Die Bybel is nie 'n doel op sigself nie, maar 'n manier om aan mense 'n intieme en bevredigende kennis van God te bring, sodat hulle in Hom kan ingaan, sodat hulle hulle kan verlustig in Sy teenwoordigheid, sodat hulle die innerlike heerlikheid van God Self in die kern en die sentrum van hulle harte kan proe en ken.” ~ AW Tozer

“The Bible is not an end in itself, but a means to bring men to an intimate and satisfying knowledge of God, that they may enter into Him, that they may delight in His Presence, may taste and know the inner sweetness of the very God Himself in the core and center of their hearts.” ~ A.W. Tozer

"’n Paar jaar gelede het daar nie veel aangegaan in 'n klein dorpie in Maine nie. Die kerke het niks bereik nie. Daar was 'n paar Goddelike mense in die kerke, en hulle het gesê: ‘Hier is ons, net ongeletterde gemeentelede, maar iets moet gedoen word in hierdie dorp. Kom ons vorm 'n gebedsgroep. Ons sal al ons gebede op een man vestig. Wie sal dit wees?’ Hulle kies toe een van die hardvogtigste manne in die stad, 'n hopelose dronkaard, en fokus toe al hulle gebede op hom. Na 'n week het hy tot bekering gekom. Hulle sentreer toe hul gebede op die tweede hardvogtigste man in die dorp, en gou het ook hy tot bekering gekom. Daarop bid hulle vir nog iemand en toe nog iemand anders totdat, binne ‘n jaar, twee tot driehonderd na God gebring is. So het die vuur versprei na al die omliggende plekke. Die behoefte van die uur is definitiewe gebed vir diegene wat in sonde vasgevang is." ~ Dr RA. Torrey

“Up in a little town in Maine, things were pretty dead some years ago. The churches were not accomplishing anything. There were a few Godly men in the churches, and they said: 'Here we are, only uneducated laymen; but something must be done in this town. Let us form a praying band. We will all center our prayers on one man. Who shall it be?' They picked out one of the hardest men in town, a hopeless drunkard, and centered all their prayers upon him. In a week, he was converted. They centered their prayers upon the next hardest man in town, and soon he was converted. Then they took up another and another, until within a year, two or three hundred were brought to God, and the fire spread out into all the surrounding country. Definite prayer for those in the prison house of sin is the need of the hour.” ~ Dr. R.A. Torrey

"Diegene wat die diepste vrede van God ken, die onverstaanbare vrede wat alle verstand te bowe gaan, is altyd manne en vroue van gebed." ~ RA Torrey

“Those persons who know the deep peace of God, the unfathomable peace that passeth all understanding, are always men and women of much prayer.” ~ R. A. Torrey

"Ons is te besig om by gebed uit te kom, en daarom is ons te besig om krag te bekom. Ons het baie aktiwiteit, maar ons bereik so min; baie dienste, maar min bekerings; baie werksmetodes maar min resultate." ~ RA Torrey

"We are too busy to pray, and so we are too busy to have power. We have a great deal of activity, but we accomplish little; many services but few conversions; much machinery but few results.” ~ R. A. Torrey

"As ons reg wil bid, is die eerste ding wat ons moet doen, om toe te sien dat ons in gesprek met God kom, dat ons werklik in Sy teenwoordigheid is. Voordat ons 'n versoek aan God rig, moet ons duidelik ervaar dat ons met God praat, en ons moet glo dat Hy luister en dat Hy ons versoek sal toestaan." ~ RA Torrey

"If we would pray aright, the first thing we should do is to see to it that we really get an audience with God, that we really get into His very presence. Before a word of petition is offered, we should have the definite consciousness that we are talking to God, and should believe that He is listening and is going to grant the thing that we ask of Him.” ~ R.A. Torrey

"Uit 'n baie intieme kennismaking met DL Moody, wil ek getuig dat hy 'n veel groter bidder was as wat hy ‘n prediker was. Hy is keer op keer gekonfronteer deur struikelblokke wat onoorkombaar gelyk het, maar hy het altyd geweet hoe om alle probleme te bowe te kom. Hy het geweet hoe om tot stand te bring alles wat nodig was om tot stand te bring. Hy het in die diepste dieptes van sy siel geweet en geglo dat niks te moeilik vir die Here is nie, en dat gebed enigiets kan doen wat God kan doen." ~ RA Torrey

"Out of a very intimate acquaintance with D. L. Moody, I wish to testify that he was a far greater prayer than he was preacher. Time and time again, he was confronted by obstacles that seemed insurmountable, but he always knew the way to overcome all difficulties. He knew the way to bring to pass anything that needed to be brought to pass. He knew and believed in the deepest depths of his soul that nothing was too hard for the Lord, and that prayer could do anything that God could do.” ~ R. A. Torrey

"Gebed is swakheid wat op almag leun." ~ WS Bowd

"Prayer is weakness leaning on omnipotence.” ~ W. S. Bowd

"Ons gebede lê die spoor vanwaar God se krag kan kom. Soos 'n magtige lokomotief, is sy krag onweerstaanbaar, maar dit kan ons nie bereik sonder spore nie." ~ Watchman Nee

"Our prayers lay the track down which God’s power can come. Like a mighty locomotive, his power is irresistible, but it cannot reach us without rails.” ~ Watchman Nee

"Ek het volle dae en weke uitgestrek op die grond spandeer in stil of mondelinge gebed.” ~ George Whitefield (Great Evangelist during American Revolution era, during the First Great Awakening in America)

"Whole days and weeks have I spent prostrate on the ground in silent or vocal prayer.” ~ George Whitefield (Great Evangelist during American Revolution era, during the First Great Awakening in America)

"Ek moet bid voor ek enigiemand sien ... Christus het voor dagbreek opgestaan en Hom afgesonder. Dawid sê: ‘Ek wil vroeg opstaan...’ (Ps 57:9 en Ps 108:2) ... Ek voel dit is baie beter om die dag met God te begin, om eers Sy aangesig te sien, om my siel naby aan Hom te kry voor dit naby ander is." ~ Robert Murray M'Cheyne.

"I ought to pray before seeing any one…Christ arose before day and went into a solitary place. David says: 'Early will I seek thee'…I feel it is far better to begin with God, to see His face first, to get my soul near Him before it is near another." ~ Robert Murray M'Cheyne

"Die belangrikste les oor gebed is net dit: Doen dit! Doen dit! Doen dit! Wil jy geleer word om te bid? My antwoord is om te bid en om nooit moeg daarvoor te word nie, en dan sal jy nooit faal nie ..." ~ John Laidlaw

"The main lesson about prayer is just this: Do it! Do it! Do it! You want to be taught to pray. My answer is pray and never faint, and then you shall never fail…" ~ John Laidlaw

"'n Man wat 'n intieme verhouding met God het sal nooit deur mense geïntimideer word nie." ~ Leonard Ravenhill

"A man who is intimate with God will never be intimidated by men." ~ Leonard Ravenhill

"Gebed is die geheim van krag." ~ Evan Roberts

"Prayer is the secret of power." ~ Evan Roberts

"Waar daar geen visie vir die ewigheid is nie, is daar ook geen gebed vir die verlorene nie." ~ David Smithers

"Where there is no vision of eternity, there is no prayer for the perishing." ~ David Smithers

"As gebed begrawe en verlore is, huil die hemel. As almal gebid het sou die goddelose uit ons midde of na hulle skuilplek gevlug het." ~ Evan Roberts

"Prayer is buried, and lost and Heaven weeps. If all prayed the wicked would flee from our midst or to the refuge." ~ Evan Roberts

"'n Predikant wat nie twee uur per dag in gebed spandeer nie is nie 'n sent werd nie – of hy 'n graad het of nie." ~ Leonard Ravenhill

"Ministers who do not spend two hours a day in prayer are not worth a dime a dozen - degrees or no degrees." ~ Leonard Ravenhill

"Alle groot sielewenners was manne van baie en kragtige gebed. Alle groot herlewings is voorafgegaan en uitgevoer deur volhardende knie-werk in die binnekamer." ~ Samuel Logan Brengle

"All great soul-winners have been men of much and mighty prayer, and all great revivals have been preceded and carried out by persevering, prevailing knee-work in the closet." ~ Samuel Logan Brengle

"Gebed - geheime, vurige, gelowige gebed - lê aan die wortel van alle persoonlike godsvrug." ~ William Carey

"Prayer - secret, fervent, believing prayer - lies at the root of all personal godliness." ~ William Carey

"Die Woord van God verteenwoordig al die moontlikhede van God wat beskikbaar gestel word deur ware gebed." ~ AT Pierson

"The Word of God represents all the possibilities of God as at the disposal of true prayer." ~ A. T. Pierson

"Die kern van gebed bestaan nie daarin om vir God iets te vra nie, maar om ons harte aan God oop te maak, in gesprek met Hom, en om in Hom te bly in ewige gemeenskap. Gebed is voortdurende oorgawe aan God. Gebed beteken nie om God te vra vir allerhande dinge wat ons wil hê nie; dit is eerder die begeerte na God self, die enigste Gewer van Lewe. Gebed is nie om te vra nie, maar eenwording met God. Gebed is nie 'n pynlike poging om hulp by God te kry vir die verskillende behoeftes van ons lewens nie. Gebed is die begeerte om God self, die Bron van alle lewe in besit te neem. Die ware gees van gebed bestaan nie daarin om vir seëninge te vra nie, maar dit bestaan daarin om Hom te ontvang wat die gewer van alle seëninge is, en in 'n lewe van gemeenskap met Hom." ~ Sadhu Sundar Singh

"The essence of prayer does not consist in asking God for something but in opening our hearts to God, in speaking with Him, and living with Him in perpetual communion. Prayer is continual abandonment to God. Prayer does not mean asking God for all kinds of things we want; it is rather the desire for God Himself, the only Giver of Life, Prayer is not asking, but union with God. Prayer is not a painful effort to gain from God help in the varying needs of our lives. Prayer is the desire to possess God Himself, the Source of all life. The true spirit of prayer does not consist in asking for blessings, but in receiving Him who is the giver of all blessings, and in living a life of fellowship with Him." ~ Sadhu Sundar Singh

"Gemeenskap met God in jou binnekamer benodig tyd vir God om Hom aan ons te openbaar. Dit is arrogant om te sê: 'Ek het te veel werk om te doen om tyd te kry vir gebed.' Jy moet tyd vind of seën verbeur. God weet hoe om vir jou tyd beskikbaar te stel vir heilige gemeenskap in gebed met Hom." ~ AT Pierson

"Closet communion needs time for the revelation of God's presence. It is vain to say, 'I have too much work to do to find time.' You must find time or forfeit blessing. God knows how to save for you the time you sacredly keep for communion with Him." ~ A. T. Pierson

"Reken daarop dat as jy buigbaar oor gebed is, sal die duiwel jou nie alleen laat nie. Hy sal jou lastig val, jou tempteer, jou blokkeer, en sekerlik 'n paar hindernisse vind, groot of klein of albei. En soms misluk ons omdat ons onkundig is oor sy planne ... Ek dink nie hy gee om as ons bid oor dinge as ons dit daar laat nie. Waaroor hy wel omgee, en voortdurend teenstaan, is die gebed wat aangehou bid word totdat dit deurgebid is en jy verseker is van die antwoord." ~ Mary Warburton Booth.

“Depend upon it, if you are bent on prayer, the devil will not leave you alone. He will molest you, tantalize you, block you, and will surely find some hindrances, big or little or both. And we sometimes fail because we are ignorant of his devices…I do not think he minds our praying about things if we leave it at that. What he minds, and opposes steadily, is the prayer that prays on until it is prayed through, assured of the answer.” ~ Mary Warburton Booth

"Dit is in die gebied van gebed dat die lewe se kritieke veldslae gewen of verloor word. Ons moet al ons omstandighede in gebed oorwin. Ons moet dit in die eerste plek daarnatoe bring. Ons moet daar ‘n opname daarvan maak. Ons moet dit daar bemeester. In gebed bring ons ons geestelike vyande in die teenwoordigheid van God en ons beveg hulle daar. Het jy dit al probeer? Of is jy tevrede daarmee om jou vyande in die oop ruimtes van die wêreld te ontmoet en te beveg?" ~ JH Jowett

"It is in the field of prayer that life's critical battles are lost or won. We must conquer all our circumstances there. We must first of all bring them there. We must survey them there. We must master them there. In prayer we bring our spiritual enemies into the Presence of God and we fight them there. Have you tried that? Or have you been satisfied to meet and fight your foes in the open spaces of the world?” ~ J. H. Jowett

“Hy wat van God weghardloop in die oggend sal Hom kwalik die res van die dag vind.” ~ John Bunyan

“He who runs from God in the morning will scarcely find Him the rest of the day.” ~ John Bunyan

"Gebed is die eerste ding, die tweede ding en die derde ding wat nodig is vir 'n predikant. Bid dan my liewe broer, bid, bid, bid." ~ Edward Payson

"Prayer is the first thing, the second thing, the third thing necessary to a minister. Pray, then my dear brother; pray, pray, pray.” ~ Edward Payson

“Tien minute wat jy in Christus se teenwoordigheid spandeer elke dag, nee, twee minute, sal jou

hele dag verander.” ~ Henry Drummond

"Ten minutes spent in the presence of Christ every day, aye, two minutes, will make the whole day different.” ~ Henry Drummond

"Daar was nog nooit 'n geestelike ontwaking in enige land of plek wat nie begin is met verenigde gebed nie." ~ AT Pierson

"There has never been a spiritual awakening in any country or locality that did not begin in united prayer.” ~ A.T. Pierson

"Voorbidding is werklik universele werk vir die Christen. Geen plek is gesluit op voorbidding nie. Geen kontinent - geen nasie - geen organisasie - geen stad – geen kantoor. Daar is geen krag op aarde wat voorbidding kan uithou nie." ~ Richard Halverson

"Intercession is truly universal work for the Christian. No place is closed to intercessory prayer. No continent - no nation - no organization - no city - no office. There is no power on earth that can keep intercession out.” ~ Richard Halverson

"Is lug vir jou belangrik? Gebed is soos asemhaling. Dit bring lewe aan die kerk. Ons kan nie leef sonder dit nie." ~ Morais

"Is air important to you? Prayer is like breathing. It brings life to the church. We cannot live without it.” ~ Morais

"Gebed gee ons seëninge wat ons nodig het, en wat net God kan gee, en wat slegs gebed aan ons kan bring... Gebed is bloot om God te vra om vir ons te doen wat Hy aan ons belowe het Hy sal doen as ons Hom vra...” ~ Gerhard Tersteegen

"Prayer brings to us blessings which we need, and which only God can give, and which prayer can alone convey to us...Prayer is simply asking God to do for us what he has promised us he will do if we ask him..." ~ Gerhard Tersteegen

"Gebed bring aan ons die seëninge wat ons nodig het, en wat net God kan gee, en wat slegs gebed aan ons kan bring... Hierdie diens van gebed is nie 'n blote ritueel of 'n seremonie of 'n soort van uitvoering waardeur ons gaan nie. Gebed is om na God te gaan vir iets wat nodig is en begeer word. Gebed is bloot om God te vra om vir ons te doen wat Hy aan ons belowe het Hy sal doen as ons Hom vra... om te vra is die mens se aandeel. Om te gee is God se aandeel. Om te bid lê in ons hande. Die antwoord behoort aan God." ~ Gerhard Tersteegen

"Prayer brings to us blessings which we need, and which only God can give, and which prayer can alone convey to us ... This service of prayer is not a mere rite, a ceremony through which we go, a sort of performance. Prayer is going to God for something needed and desired. Prayer is simply asking God to do for us what he has promised us he will do if we ask him ... Asking is man's part. Giving is God's part. The praying belongs to us. The answer belongs to God." ~ Gerhard Tersteegen

"'n Biddelose gesin kan nie anders wees as ongodsdienstig nie. Hulle wat daagliks in hulle huise bid, doen goed. Hulle wat nie net bid nie, maar ook die Bybel lees, doen beter, maar hulle wat nie net bid en Bybel lees nie, maar ook die lof van God besing, doen die beste." (1882)

"A prayerless family cannot be otherwise than irreligious. They who daily pray in their homes, do well; they that not only pray, but read the Bible, do better; but they do best of all, who not only pray and read the Bible, but sing the praises of God." (1882)

Oor voorbidding: "O Here gee my Skotland, of ek sterf." ~ John Knox

On intercession: "O Lord give me Scotland, or I die." ~ John Knox

"Gebed - Die wêreld se grootste draadlose verbinding."

"Prayer - The world's greatest wireless connection."

"Wanneer gebed nie meer die suurstof van ons geestelike siel en hartklop van ons kerk is nie, is ons verdediging swak."

"Wys my hoe groot jou kerk se gebedsgroep is, dan sê ek jou hoe gesond jou kerk se geestestoestand is."

"Alledaagse mense bid nie; hulle bedel net." ~ George Bernard Shaw

"As jy vir ander bid, word aan jouself voorsien." ~ Joodse spreuk

"Bid een keer voordat jy oorlog toe gaan; twee keer voordat jy 'n seereis aanpak; drie keer voor jy trou." ~ Volkspreuk

"God verwarm Sy hande by die hart van 'n biddende." ~ John Masefiel

"Werk asof jy hondred jaar gaan leef, bid asof jy more sal sterwe." ~ Benjamin Franklin

"Die doel van gebed is nie om God in te lig oor ons benodighede nie, maar om Hom te nooi om ons te wys waar Hy ons nodig het." ~ Kardinaal Baumann

"Wanneer jy bid, is dit beter om 'n hart te hê sonder woorde, as woorde sonder 'n hart." ~ John Bunyan

"Miskien is ware gebed om so op God ingestel te wees dat jy nie eens agterkom dat jy bid nie." ~ St Francis Sael

“Ek is dikwels op my knieë gedryf deur die oorweldigende sekerheid dat ek nêrens elders het om heen te gaan nie. My eie wysheid en dié van die mense rondom my het onvoldoende gelyk vir die dag.” ~ Abraham Lincoln

“I have been driven many times upon my knees by the overwhelming conviction that I had nowhere else to go. My own wisdom, and that of all about me, seemed insufficient for the day.” ~ Abraham Lincoln

"In my amp beleef ek baie, baie dikwels dat ek met absolute sekerheid weet dat daar geen oplossing vir ons landsprobleme is nie. Nog ek, nog my raadgewers beskik oor die nodige wysheid. So word ons gedwing om op ons kniee te gaan." ~ Abraham Lincoln

"Gebed is nie 'n poging om God se wil te probeer verander nie: veeleer is dit 'n kinderlike poging om sy wil te leer ken - en dit te gehoorsaam." ~ George Buttrick

“Die dag waarop ek nie gebid het nie, is 'n dag waarop ek by God gespog het met my eie krag.” ~ Owen Carr

“Hoe meer ek van gebed geleer het, hoe minder het ek te sê gehad. Tot ek uiteindelik stil geword het, heeltemal stil. Eers het ek gedink bid is praat; nou het ek geleer bid is nie net stilbly nie, dis luister. Bid is nie om jouself te hoor praat nie, bid is om stil te bly wag tot jy God se stem hoor.” ~ Soren Sierkegaard

“Die oggend is die poort tot die hele dag en moet deur gebed bewaak word.”

“Dit is die een punt van die spandraad waaraan die handelinge van die dag gebind word en dit behoort stewig deur gebed vasgeknoop te word.”

“Hy wat die dag instorm sonder om te bid, is net so dwaas soos 'n soldaat wat sonder sy wapenrusting na die slagveld gaan.” ~ George Muller Gebedsheld van Bristol

"Ons is geneig om gebed as 'n laaste uitweg te gebruik, maar God wil hê dit moet ons eerste lyn van verdediging wees. Ons bid wanneer daar niks anders is wat ons kan doen nie, maar God wil hê ons moet bid voordat ons enigiets anders doen."

"We tend to use prayer as a last resort, but God wants it to be our first line of defense. We pray when there's nothing else we can do, but God want us to pray before we do anything else."

# Kyk ook

- Christian Prayer Quotes
- Aanhalings in Afrikaans
- Gebed (wiki)
- Gebed aanhalings
- Prayer and Intercession Quotes (tentmaker.org)